Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

JAARVERGADERING EN JAARLIKSE ALGEMENE SIMPOSIUM

te Stellenbosch op Donderdag 20 en Vrydag 21 September 2018

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se jaarvergadering en jaarlikse simposium vind vanjaar op 20 en 21 September in Stellenbosch plaas.

OORKOEPELENDE TEMA:

Uitdagings en oplossings binne die wetenskap, die kunste en die Afrikaanse taal

Belangstellendes wat 'n bydrae (maksimaal 20 minute plus besprekingstyd van 5 minute) wil lewer, word hartlik uitgenooi om 'n voorlegging te doen wat aansluit by die oorkoepelende tema. 'n Opsomming van ongeveer 350 woorde van u beplande referaat word gevra. U voorlegging moet vergesel gaan van 'n kort CV (twee of drie paragrawe in prosastyl) en 'n hoë resolusie foto van uself. Verskaf ook asseblief u volle name, van, titel, adres, e-posadres, landlyn- en selfoonnommer.

Die onderstaande subtemas sou onder andere onder die oorkoepelende tema kon inpas:

- Minderheidsregte en grondwetlike beskerming.
- Goeie leierskap van die land is almal se reg en nie 'n voorreg nie.
- Ekologie, globale aardverwarming/klimaatsverandering.
- Uitdagings ten opsigte van taaldiversiteit in die media, kerke, onderwys, ens.
- Finansiële uitdagings en oplossings vir die ekonomie van Suid-Afrika.
- Iets oor grond en grondbesit in Suid-Afrika.
- Die kweek van kunswaardering van die uitvoerende kunste en die skone kunste by die publiek.
- Uitdagings in die onderwys op voorskoolse, primêre, sekondêre en hoër onderwysvlak.

In die referaat moet uitdagings en die problematiek in enige sektor binne die wetenskappe; kunste; of die Afrikaanse taal geïdentifiseer en voorstelle gemaak word hoe dit opgelos kan word. 'n Keurkomitee sal finaal oor elke voorlegging besluit. Omdat ruimte op die program beperk is, sal keuring by 'n ooraanbod moet plaasvind.

Voorleggings moet voor **30 April 2018** aan Linda Brink gestuur word by linda@akademie.co.za of gefaks word na 012 001 8787. Versoeke om bepaalde plasings (tydsgewys) op die program kan ongelukkig nie oorweeg word nie.

Die voorlopige program lyk soos volg:

Donderdag 20 September

08:30 – 10:00 Algemene Jaarvergadering
10:00 – 10:30 Tee/koffie en verversings
10:30 – 12:30 Referate
12:30 – 13:30 Middagete
13:30 – 15:00 Referate
15:00 – 15:30 Tee/koffie en verversings
15:30 – 18:00 Referate
18:00 – 19:00 Skemeronthaal
19:00 – 21:00 Openingsplegtigheid:
Voorsittersrede
Referaat: Gasspreker

Vrydag 21 September

08:30 – 10:00 Referate (vervolg)
10:00 – 10:30 Tee/koffie en verversings
10:30 – 12:45 Referate
12:45 – 13:00 Afsluiting
13:00 – 14:00 Middagete

Vrydagaand 21 September
19:00 – 22:00 Bekroningsplegtigheid en onthaal, HB Thom Teater, Stellenbosch